

## HOOFSTUK I.

### DIE VROEË CHRISTENDOM.

#### 1. BOTSING TUSSEN DIE CHRISTENDOM EN DIE GRIEKSE-ROMEINSE HEIDENDOM.

##### (a). Oorwinning van die Christendom.

Christus is die keerpunt en sentrum van die wêreldgeskiedenis. Hy is die eie Seun van God. Daarom maak die Christendom daarop aanspraak om die enigste, ware, absolute godsdiens te wees. Dit duld geen ander godsdiens naas hom nie. Dit is uiteraard onverdraagsaam 1). Botsing met die Griekse-Romeinse heidendom, waarin dit sy intrede gedoen het, was dus onvermydelik.

Die Romeine is bekend as 'n konserwatiewe volk, geheg aan die tradisies en sedes van hul voorvaders. Wel het hulle die Griekse kultuur betreklik maklik oorgeneem, maar dit was, soos selfs McCallister aantoon 2), omdat daar geen diepgaande godsdiensverskille op die spel was nie. Die Romeinse politeïsme is deur die Griekse eerder versterk. Heidense bygeloof was so diep in die Romeinse volkslewe gewortel, dat oorblyfsels daarvan selfs baie eeue na Christus nog nie uitgeroei was nie.

Teenoor hierdie diepgewortelde heidense politeïsme het die Christendom as 'n monoteïsme te staan gekom, alle ander gode as afgode bestempel, en 'n totaal nuwe lewenswyse verkondig, 'n rein lewenswandel uit 'n wedergebore hart. „Never did religious or educative system make so great havoc with the idols of a conservative people. Never did any revolution more speedily accomplish its purpose" 3). Ten spyte van die swakheid van die handjievol Christene, ten spyte van hul onverdraagsaamheid teenoor diegene wat hulle wou oortuig, ten

---

1. Bavinck, H.: De Offerandé des Lofs, p. 48.

2. McCallister, W.J.: The Growth of Freedom in Education, p.78.

3. McCallister; *ibid.*, p.79.

spyte van die konserwatisme van die Romeine en die mag van hul wêreldryk is die Christelike leer binne 'n enkele geslag. in al die sentrale provinsies van die Romeinse Ryk verkondig. „In less than three hundred years from the crucifixion it had become the recognized religion of the imperial court, and had been placed on a footing of legal equality with paganism throughout the Empire, and before the century closed it was the only legal religion" 1).

Van 'n opvoedkundige oogpunt beskou, sê McCallister 2), lyk die sukses van die Christendom onverklaarbaar. Dit maak skoonskip met die gewoontes en tradisies en selfs met die godhede van die volwassenes, in stede van dit die uitgangspunt van sy opvoeding te maak; tog laat dit die skole toe om die heidendom byna ongestoord voort te plant. Die Christene het nie alleen hul kinders na heidense skole gestuur nie, maar het selfs as onderwysers daar in die heidense wetenskappe onderrig gegee, totdat die heidense skole in 529 deur die edik van Justinianus gesluit is 3). Lank nadat die Christendom staatsgodsdienst geword het, is heidense skole nog geduld en deur Christene, selfs beroemde kerkmanne, ondersteun. Toe uiteindelik wel Christelike skole gestig is, is daarin tot diep in die Middeleeue nog die heidense vrye kunste doseer, hoewel „there is probably sufficient evidence to justify the supposition that the Christian schools in some measure leavened the whole lump of pagan learning" 4). Die Christene het dus die heidense godsdienst met al hul gesag bestry, maar vryheid aan die heidense skole gelaat!

Waaraan moet die ongelooflik-vroeë sukses van die Christendom dan toegeskrywe word?

- 
1. Adams, G.B.: Civilization during the Middle Ages, p. 41.
  2. McCallister: The Growth of Freedom in Educ., p. 81.
  3. Ayer, J.C.: „Christian Education in the early Church" in Monroe: Cyclopedia of Education, Vol. I, pp. 650-2.
  4. McCallister: ibid., p. 80, Voetnoot.

(b) Redes vir die spoedige oorwinning.

Die Christendom het geseëvier, eerstens omdat die Grieks-Romeinse beskawing op die belangrikste fronte reeds in verval was. Die politeïsme was uitgedien. Die keisers het dit probeer instand hou terwille van die eenheid van die Ryk, en die gode van die oorwonne provinsies tot hul eie toegevoeg, maar so 'n „aanmekaargelapte" godsdiens het nóg die godsdienstige sentiment van die volk nóg die intellek van die verligte klasse bevredig. Die filosowe het ateïste geword en met die veelgodedom die spot gedrywe 1). Maar ook die filosofie van die tweede eeu n.C. „had sunk for the most part into scepticism and impotence" 2); en dit was geen wonder nie, want die sogenaamde goddelike dinge wat dit probeer aanskou het, was „mere abstractions, increasing in emptiness" 3). Rombouts skilder die grenslose ontaarding van sedelike en gesinslewe, die kindermoord en algemene verderf tydens die Romeinse keisers, en besluit: „Er woei een wind van wanhoop over de wereld, die naar het scheen geen nieuwe dag meer zien zou" 4). Ook in die opvoeding is hierdie aftakeling weerspieël. Die Romeinse pedagogiese struktuur, sê Waterink 5), is gekenmerk deur 'n ingesteldheid op praktiese nut, daarom op vooruitgang in die lewe en 'n goeie posisie in die staat; deur 'n neiging tot die formele, die uiterlike, die vorm bo die inhoud, daarom tot die retoriek wat bedrewenheid in die dispuuteerkuns kon gee; en eindelik deur die gebrek aan 'n sedelike ideaal 6). Nóg die ouers nóg die onderwysers het met die sedelike opvoeding erns gemaak. Die kind is aan die sorg van 'n slaaf toevertrou,

- 
1. Williams, H.S. (Ed.): *Historians' History of the World*, Vol. VI, pp.307-8.
  2. Knox, G.W. en Mellone, S.H.: „Christianity" in : *Encyclopaedia Britannica*, Vol.V, p.633.
  3. Davidson, T.: *Aristotle and ancient educational ideals*, p.233.
  4. Rombouts, S.: *Historiese Pedagogiek*, Dl. I, p.47. Cf. *ibid.*, p.38.
  5. Waterink, J.: *De Geschiedenis der Paedagogiek*, pp.120-3.
  6. Cf. ook Haarhoff, Th.: *Schools of Gaul*, pp.198-205.

wat hom selfs skool toe moes vergesel. Om formeel korrek te leer praat was die ideaal wat vir hom gestel is; selftug en 'n sedelike ideaalstelling het hy feitlik nie geken nie. Die skooltug het dan ook weinig met sedelikheid te doen gehad. Die wrede strawwe 1), wat die skool tot 'n plek van hinderlike lawaai vir verbygangers gemaak het, het eerder taalfoute as gedragsfoute gegeld 2). Quintilianus alleen kon die praktyk nie hervorm nie. Hierdie verskynsels is kenmerkend van 'n ouderdom-swakke, ondergaande kultuur. God het die Romeinse kultuur vroeg laat ryp word vir die volheid van die tye 3), sodat 'n groot deel van die mensdom die volmaakte opvoeding deur Christus nou kon, nou moes en wou aanneem 4).

Tweedens is die spoedige oorwinning van die Christendom daaruit te verklaar dat dit geen algehele breuk met die verlede was nie, maar wel deeglik aanknopingspunte in die ou kultuur gevind het. Die mensheid het gesmag na die ware godsdiens. „In this period of degeneracy there (was) none the less a profound longing for a new revelation of truth, which should satisfy at once the intellect and the emotions. Christianity came as supplying a new power" 5). Die Christendom was die vervulling van die Griekse filosofie, deurdat Christus die kloof tussen God en wêreld, wat die onoplosbare probleem van die filosofie was, oorbrug het 6). Dit was ook die vervolmaking van die Romeinse humanitas-ideaal 7). En die weg vir die oorwinning van die nasionaliteitsbeginsel in die godsdiens deur

- 
1. Cf. Haarhoff, Th.: Schools of Gaul, pp. 93-5, en Kandel, I. en de Montmerency, J.: „Corporal Punishment" in Monroe: Cyclop. of Educ., Vol. V, pp.83-4.
  2. Cf. Augustinus: Confessiones I, 9 & 18, vertaling deur Sizoo, pp.31 & 41-2.
  3. Waterink, J.: De Geschiedenis der Paedagogiek, p.124.
  4. Hofstede de Groot, P.: Voorlezingen over de Geschiedenis der Opvoeding des Menschdoms door God..., Dl. II.p.382.
  5. Knox en Mellone: „Christianity" in : Encyclop. Britannica, Vol.V, p.633. Cf. Hofstede de Groot: Voorlezingen..., Dl.II, pp. 425-9.
  6. Knox en Mellone: *ibid.*, p.633.
  7. Cf. Hofstede de Groot: *ibid.*, p.369 vv.

die universaliteitsgedagte is reeds deur die internasionale Romeinse Ryk voorberei 1). Boveal, sê McCallister, 2), het die Christendom hom tot die mees fundamentele drang in die menslike natuur gerig, naamlik selfonderwerping aan 'n hoër mag. Slegs in die diens van iets wat bokant die lewe van die individu uitstyg is volkome vryheid te vinde. Vryheid in die leer van Christus bestaan in ware self-onderwerping. Onderwerping aan 'n innerlike werklikheid was vir die Romeine nie onbekend nie : vir die edelste onder hulle was onderwerping aan die eie rede die enigste vesting van vrede en vryheid. Vir die gewone man is dit egter 'n baie onbevredigende opvatting van vryheid. Hy verlang na iets wat hom meer vryheid gee as die onveranderlike noodlot, en meer vastigheid as sy eie rede. "He seeks for a real self-submission - submission to something that transcends his highest self". Jesus Christus het die hoop gegee om hierdie <sup>5</sup>transendente te goed te vind, en daardeur die diepste behoefte van die menslike natuur bevredig.

Die oorwinning van die Christendom is egter nie bloot aan die verval van die Grieks-Romeinse beskawing, of aan die aanknopingspunte uit 'n dekadente kultuur toe te skrywe nie, maar boweal, in die derde plek, aan die inherente superioriteit, ja die enigheid, van sy leer. In die volgende paragraaf besprek ons die grondgedagtes van die Christendom, veral met die oog op hul opvoedkundige betekenis.

## 2. GRONDGEDAGTES VAN DIE CHRISTENDOM.

### (a) Met betrekking tot die Doel van die opvoeding.

Die bedoeling is nie om hier 'n Christelike dogmatiek te gee nie, maar slegs dié grondstellings na vore te bring, wat as van fundamentele betekenis vir vryheid en gesag in die opvoeding beskou kan word.

---

1. Rombouts : Historiese Pedagogiek, Dl. I, p.24.

2. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.82 vv.

Die Christendom is enig, omdat dit sy ontstaan aan 'n bonatuurlike daad van God te danke het 1). Christus het op aarde gekom om die Koninkryk van die Hemele te verkondig, waarin één persoonlike God die Koning is, maar tewens ook die Vader van Sy kinders, - 'n liefdevolle, genadige Vader, wat Sy Seun gegee het om sondaars met Hom te versoen. In Christus het God Sy verbond van Vaderskap - kindskap met Sy gelowiges opgerig. Christus is die Weg tot gemeenskap, tot ~~E~~enwording met God. Die hoofeis van hierdie Koninkryk is dat die mens in God moet glo en die wil van God moet doen, sy wil in volkome ooreenstemming met Gods wil moet bring. Maar sy geloof en gehoorsaamheid moet die vrug van die liefde tot God wees, want die hoofgebod van die Koninkryk is die wet van die liefde. Hy moet liefhê uit gehoorsaamheid maar moet ook gehoorsaam uit liefde.

Hierdie wet van die liefde moet in die diens van God en van die medemens tot uiting kom. Die wil van God moet op die aarde, netsoos in die hemel, geskied. Die Christendom eis dus 'n nuwe sedelikheid, uit 'n nuwe gesindheid, 'n nuwe, wedergebore hart. Die Christen trek hom nie meer uit die wêreld terug soos die filosoof nie. Hy moet die sout van die aarde wees. In diens van God wy hy hom aan die opheffing van selfs sy laagsgesonke medemens 2). Die kind-verhouding tot God en die broederliefde teenoor die naaste is die grondslag van alle ware kultuur 3). Die Verbondsgedagte eis 'n heiliging van die hele lewe in diens van God, en die herstel van alle dinge as vrug van die kruis van Christus 4).

Waterink beskou die liefde as die wesenlikste kenmerk van die Christelike pedagogiese struktuur. In die liefde het die Christendom 'n dryfkrag besit waardeur dit tot 'n hoër

---

1. Wielenga, B.: Het Wezen van het Christendom. p.41.

2. Cf. Davidson: Aristotle....., p.234.

3. Wielenga: Het Wezen van het Christendom, p.270.

4. Waterink: De Gesch. der Paed., p.240.

plan opgestyg het as wat enige ander lewenstruktuur nog ooit bereik het. Deur die liefde as magtige, mistieke, onmeetlike faktor is die sosiale lewe losgemaak van die band van werktuiglikheid en van die dodende mag van die formalisme. Deur die hele geskiedenis loop, sedert die intrede van die Christendom, oral waar Christene arbei, die goue draad van liefdevolle toewyding aan die God van liefde. Die Grieke het die wysheid van die hoof beklemtoon, die Romeine die krag van die hand; die Christendom dring deur tot die hart, wat én wysheid én krag gee 1).

Dit is dan die hoë doel waartoe die opvoeding moet lei: bekering tot God, onderwerping aan God, diens van God en naaste uit ongeveinsde liefde.

(b) Met betrekking tot die Opvoeding.

Ewe radikaal-nuut was vir die heidense wêreld die Christelike beskouing omtrent die mens, die opvoeding. Deur die klem op die bekering van die hart en die ewigheidswaarde van elke siel het die Christendom 'n nuwe waarde aan die menslike lewe en persoonlikheid toegeken 2). „Want wat baat dit die mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly?" (Mat. 16:26). Elke siel staan teenoor God in die intiem-persoonlike verhouding van 'n kind tot sy hemelse Vader. God alleen besit absolute mag oor lewe en dood; die Romeinse gewoonte van kinderblootstelling was niks minder as kindermoord nie.

Verreikend was ook die konsekwensies van die gelykstelling van alle gelowiges voor God. Aan alle mense moet dan die Evangelie verkondig word: aan alle nasies, aan vryes en slawe, aan mans en vrouens. Christus het in besonder die noodlydendes, die verdruktes, die uitgestotenes, die armes van gees opgesoek. Die Christendom was dus universeel, bo enige

---

1. Waterink : De Gesch. der Paed., p. 212.

2. Cf. Rombouts : Historiese Pedagogiek, Dl.I, pp. 49-50.

nasionale of klasse-grense verheue. Daardeur is slawerny in beginsel afgeskaf 1). Gehoorsaamheid aan gesag was nie meer 'n teken van slaafsheid, nie, maar 'n liefdeplig teenoor God, die Bron van alle gesag. Die vrou is in ere herstel 2). Totdat die Here met vroue gepraat het, hul geleer en opgevoed het, was hul verag en verwaarloos 3). Talle Christenvroue en -moeders uit die eerste eeue na Christus getuig egter van die sorgvuldige aandag wat nou aan die opvoeding van die vrou gegee is 4). Augusta Drane 5) skryf „(the) instantaneous regeneration of the womanly character" aan die voorbeeld van die Moeder Maria toe. Selfs die eenvoudigste arbeider kon die saligheid deelagtig word deur wedergeboorte van die hart, en kon dus in aanraking kom met probleme, waarmee by die Grieke slegs die filosowe hulle besig gehou het 6). Chrysostomus het hierdie universele, opheffende waarde van die Christendom raak weergegee toe hy gesê het dat die Kruis van alle boere filosowe gemaak het. Daarmee het dan ook alle heidense eensydigheid en klasseskeidinge 7) verdwyn, en het die eenheid van die lewe in die verskeidenheid van aardse roepinge op die voorgrond getree 8). Ook die vraagstuk van die verhouding tussen individu en gemeenskap, vryheid en dwang, is in beginsel opgelos deur die Christelike gedagte van liefdevolle gehoorsaamheid en kindskap teenoor 'n hemelse Vader 9).

Al hierdie eienskappe van die Christendom het 'n onweersstaanbare bekoring op die mensdom uitgeoefen, en meegewerk tot

- 
1. Rombouts : Historiese Pedagogiek, Dl. I, pp. 49-50.
  2. Waterink : De Gesch. der Paed., p. 210.
  3. Hofstede de Groot : Voorlezingen....., Dl. II, p. 292.
  4. Cf. Haarhoff : Schools of Gaul, pp. 205-9.
  5. Drane, A.T. : Christian Schools and Scholars, pp. 26-7.
  6. Waterink : ibid., p. 153.
  7. Cf. Haarhoff : ibid., p. 124 vv.
  8. Waterink : ibid., pp. 152, 154.
  9. Cf. Coetzee, J.C. : Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, p. 65.



die permanente oorwinning oor die Grieks-Romeinse heidendom 1). Dat daar maar één God is, was vir die skrikbevange heidense wêreld met sy demone-vrees 'n onuitspreeklike verligting. Dat dié God 'n liefdevolle Vader is, was 'n blye versekering. Dat dit vir elke gelowige werklik moontlik is om deur Christus één met God te word was 'n bron van vreugde. Dat daar selfs vir die diepgevalle sondaar hoop op verlossing en versoening met God in Christus is, was 'n vooruitsig wat die Stoïsynse leer van onderwerping aan die wet van die goeie nie kon bied nie. Dat Christus deur Sy vleeswording die hoë sedelike ideaal van sondelose reinheid op aarde gebring het, was 'n daadwerklike inspirasie om Sy voorbeeld na te strew. Die besef dat sonde die skeidsmuur tussen God en mens vorm, het nou kragtig posgevat, en die Christendom het 'n onberekenbare mag tot sedelike opheffing van die mensdom geword. „It is, without doubt, chiefly through.... the introduction of the idea of sin as a controlling idea in ethics, that the work of Christianity has been done in raising the general moral standard...." 2).

●  
(c) Implikasies vir Vryheid en Gesag.

Watter gevolgtrekkings t.o.v. vryheid en gesag in die opvoeding kan ons uit hierdie grondgedagtes van die Christendom aflei? Wat die opvoeding betref sien ons al dadelik die vryheidsbeginsel van erkenning van die regte van die persoonlikheid, ryk of arm, seun of dogter, begaafd of arm van gees; maar daarnaas ook die gesagsbeginsel dat God alleen absolute gesag oor die lewe van elke persoon besit.

Wat die doel, en die tugmetode om dit te bereik aangaan, staan eweëns twee dinge vas : eerstens, dat die doel van die opvoeding in God lê, en dat God van die mens geloof in Sy gesag, gehoorsaamheid aan Sy wil eis; tweedens, dat die mens in

---

1. Cf. McGiffert, A.C., Hauck, A. & Phillips, W.A.: "Church History" in : Encyclop. Britan., Vol.V, p.676.  
2. Adams : Civiliz. during the Middle Ages, p.56.

hierdie selfonderwerping aan God juis die hoogste vryheid vind 1). Deur die Vader-kind-verhouding en die liefde, waarmee Hy die mens eerste liefgchad het, word die onderwerping in vryheid omgeskep. Die geloof bind die mens, die liefde maak hom vry 2). God dwing Sy Koninkryk nie met wondere en geweld op die mens af nie, maar nooit hom uit deur Sy liefde. En die Christen aanvaar hierdie uitnodiging in blymoedige en gewillige toewyding aan die diens van die Koninkryk van God. Dis 'n selfonderwerping wat tevens die hoogste selfverwesenliking moontlik maak, want „as die Seun julle dan vrygemaak het sal julle waarlik vry wees" (Joh. 8:36).

Die Christen betoon gehoorsaamheid in vryheid; God gee vryheid deur gehoorsaamheid.

Die vrymaking deur Christus open die weg tot volkome eenwording met God. In hierdie eenwording is gesag en vryheid volmaak saamgebind.

### 3. VRYHEID EN GESAG IN DIE OPTREDE VAN JESUS CHRISTUS.

#### (a) Die Persoonlikheid van Jesus.

Jesus Christus is die volmaakte opvoeder van alle eeue. Ook in die verhouding tussen gesag en vryheid in die tug het Hy die ideale voorbeeld gestel.

Deur die wondermag van Sy persoonlikheid het Hy daarin geslaag om van eenvoudige, ongelotterde vissers die steunpilare van die Kerk te maak. Dit was alleen moontlik deur die onweerstaanbare gesag en die oorwinnende liefde wat uit Sy persoonlikheid gestraal het. Reeds by sy eerste prediking was almal verslae oor sy leer, „want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het en nie soos die skrifgeleerdes nie" (Mark.1:22). Terwyl die profete nog gesê het: So spreek die Here, het Jesus,

---

1. Cf. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., pp.82, 84.  
2. Cf. Coetzee, J.C.: Opvoedkundige Teorie en Praktyk...p.64.

veral later in Sy loopbaan, in Sy eie Naam geleer: „Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (Joh.14:6). En by Sy laaste opdrag aan Sy dissipels het Hy gesê: „Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde" (Matt.28:18).

Nogtans is die persoonlike verhouding van Jesus teenoor sy volgelinge deur nederigheid, diensvaardigheid en vriendelike kameraadskap 1) gekenmerk. Hy het sy dissipels se voete gewas „soos een wat dien" (Luk.22:27); kinders het spontaan na Hom toe gekom; vyande het Hom verwyt dat Hy „'n vriend van tollenaars en sondaars" (Luk.7:34) is. Maar deur hierdie vriendskaplike omgang het Jesus juis die agting van sy dissipels vir Hom as Leier en Leermester versterk. En dit kan alleen van 'n waarlik groot opvoeder gesê word. Jesus het dus in Sy verhouding teenoor Sy opvoedlinge vryheid met eerbied vir regmatige gesag verbind. Squires 2) sê omtrent die tug van Jesus: „There is discipline of the highest kind in such a school. This discipline may not manifest itself very often as asserted authority on the part of the teacher; but it is there, nevertheless, and its presence is felt. There is freedom, but not license in such a school."

(b) Sy Metode.

Jesus het sy metode van optrede by die persoonlike behoeftes van sy leerlinge aangepas. Eers toe die dissipels die behoefte aan gebed gevoel het en Hom kom vra het, het Hy hulle geleer hoe om te bid (Luk.11:1). Vir elk van die drie persone wat Hom wou volg (Luk.9:57-62) het Hy 'n ander antwoord. Die een waarsku Hy: „Die jakkalse het gate....maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neer lê nie". Vir die ander heet dit: „Laat die dooies hul eie dooies begrawe; en vir die derde: „Niemand wat sy hand aan die ploeg

---

1. Squires, W.A.: The Pedagogy of Jesus, p.102.  
2. Squires : ibid., p.108.

slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie". Die wetsgeleerde wat Jesus op 'n wetspunt oor die naaste wou versoek, het 'n persoonlike les oor naasteliefde gekry wat hy nooit sou vergeet nie (Luk.10:25-37). By Nicodemus, by die ryk jongman, by die Samaritaanse vrou, by elkeen met wie Jesus in aanraking gekom het, het Hy die vinger presies op die teer plek gelê. So het Jesus persoonlike verskille erken. So het Hy ook die persoonlike vryheid van elke individu respekteer. Hy het niemand gedwing om Hom te volg nie. Maar nooit het Hy uit sentimentele konsiderasie vir die fyngevoelheid van die opvoeding in sy eise verslap of die ware heil van die siel prysgegee nie. „Neen, Jesus steekt hem het mes in de ziel, erkent het zelfbejpalingsrecht der persoonlikheid, en laat hem stil heengaan" 1). Jesus erken vryheid as 'n opvoedingsmiddel, maar vryheid bly steeds ondergeskik aan gesag.

Ook volgens die eis van omstandighede het die Meester sy metodes gewissel. Die wil en gewete van sy volgelinge moes opgevoed word om die regte keuse te kan doen. Daarvoor is oefening nodig, en daarom het Jesus sy dissipels dikwels volkome vryheid gegee om self te besluit 2). Toe Johannes die Doper in vertwyfeling uit sy gevangenskap boodskappers na Jesus stuur om te vra of Hy die Messias is, het Jesus hom gegewens gestuur wat lig op die saak kon werp, maar die besluit aan hom self oorgelaat. En toe Pilatus Hom vra: „Is U die koning van die Jode?" het Hy met die weervraag geantwoord: „Sê u dit uit uself, of het ander dit u van My gesê?" (Joh.18:34). So ook in daardie krisistydperk toe baie van sy aanhangers Hom begin verlaat het, het Jesus vir die twaalf gevra: „Wil julle nie ook weggaan nie?" (Joh. 6:67). Hy het geweet dat in die laaste

---

1. Van Rhijn, M.: Een Blick in het Onderwijs van Jezus, p.61.  
 2. Squires : Pedagogy of Jesus, p.109.

instansie die individu self moet besluit of hy Jesus aanneem of nie. En hoewel Petrus namens hulle almal geantwoord het, het Jesus tot sy droefheid geweet dat één van hulle verkeerd gekies het. Ook die verlore seun het uit vrye keuse weggegaan en uit vrye keuse <sup>a)</sup>teruggekom. Dit beteken egter nie dat Jesus sy dissipels toegelaat het om altyd hul eie sin te volg nie. Nêrens het Jesus 'n beginsel prysgegee terwille van sy dissipels se vryheid om 'n keuse te doen nie 1). Hy het soms gehoorsaamheid geëis, bv. toe Petrus in Getsémané skielik sy swaard trek en Malchus se oor afkap. Dit kon die begin van 'n geveg gewees het. „This was no time to give the disciples freedom of choice. It was a time for...the voice of authority,“ sê Squires 2). Jesus het beveel en Petrus het gehoorsaam. Vryheid om te kies in gewetensake is 'n goddelike beginsel, wat ook deur Jesus oerbiedig is; in nie-prinsipiële sake is dit 'n metode, en as sodanig ondergeeskik aan die beginsel van gesag.

(c) Sy Tug.

Die tugmiddele wat Jesus toegepas het, het eweëns na gelang van omstandighede gevariëer: 'n liefdevolle uitnodiging: „Laat die kindertjies na My toe kom“; 'n gelykenis om 'n sedelike les tuis te bring; 'n vraag: „Het jy my lief?“; 'n opdrag: „Laat my lammers wei“; 'n blik van die oog, toe die haan kraai nadat Petrus Hom driemaal verloën het; opwekking van die gevoel: smart, toe Hy geweën het, berou wanneer Hy bestraf het; prikkeling van die gewete: „Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi“; vermaning: „één ding is nodig“; waarskuwing, deur voorhou van die harde werklikheid, die ontbering en vervolging wat die lot van Sy volgelinge sou wees; bestraffing: „Gaan weg agter my, Satan! Jy is vir My 'n

---

1. Squires : Pedagogy of Jesus, p.113.

2. Squires : ibid., p.115.

a. Sien Aantekeninge , p. 397 A.

struikelblok"; verontwaardiging: "Wee julle, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte...slange, addergeslag"; of selfs lyfstraf by die reiniging van die tempel: "Hy het 'n sweep van toutjies gemaak en almal uit die tempel uitgedrywe". Hierdie verskeidenheid van tugmiddele getuig van vryheid en liefde enersyds, maar ook van veel meer strengheid, straf, dwang en uitoefening van gesag andersyds as wat gewoonlik met Jesus verbind word.

Treffend is veral dat Jesus die naakte werklikheid nie vir sy volgelinge probeer versag nie. Ook hulle moet 'n juk dra, hoewel Hy belowe dat sy juk sag is, omdat Hy hulle vrymaak. Glover 1) sê: "It is such a man as this who liberates mankind, cutting us **clear** of make-believes..., and living in the open-air, whether it is cloud or sun!" Dit is voorwaar geen suikerpedagogiek nie!

Hoewel Jesus sy eise hoog stel, geskied sy opvoeding geleidelik. Hy hou die "één ding is nodig" in die oog, maar ook die swakhede van die menslike natuur. Veral by Petrus val hierdie geleidelike opvoedingsproses ons op 2). Om 'n ruwe visser tot die "petra" van die kerk op te voed; om sy valse Messiaanse verwagtinge in 'n louter geestelike insig om te skep; om sy voortvarende temperament te temper tot die sagsinnigheid van 'n sieleherder/vir Jesus se lammers; daarvoor was geleidelike tug nodig, takt en geduld, gebed en onuitspreeklike liefde, en al die tugmiddele vanaf die harde woord: "Gaan weg, Satan", tot by die smartvolle blik van Jesus ná die derde verloëning. En, ná die loutering: vergiffenis en ongekende vertroue. Ook by die opvoeding van die dissipels as 'n groep, en van die volk, het Jesus steeds van hierdie beginsel uitgegaan: "Nog baie dinge het ek om vir julle te sê,

- 
1. Glover, T.R. : The Conflict of Religions in the early Roman Empire, p.133.
  2. Cf. van Rhijn : Een Blik in het Onderwijs van Jezus, p.63-6.

maar julle kan dit nou nie dra nie" (Joh. 16:12).

Om met eenvoudige vissersmateriaal die hoogste doelstelling te kan bereik moes Jesus eers afdaal, vertroulik neerbuig tot by die peil van sy opvoedlinge en hulle dan vandaar na omhoog wys en saam met Hom omhoog trek 1). Dit is wat Hy gedoen het toe hulle nog steeds worstel met die vraagstuk wie van hulle die meeste in die koninkryk van die Hemele sou wees. Geduldig het Hy neergebuk, letterlik en figuurlik, en hulle voete gewas. Daarna het Hy hulle opwaarts gewys en die betekenis van Sy daad verklaar: wie waarlik groot wil wees, moet hom self eers verneder en dienaar word.

Hierdie neerbuigende liefde impliseer 'n wonderlike <sup>b)</sup> *vertroue* ~~geloof~~ in die mens. Glover 2) sê: "No other teacher dreamed that common men could possess a tenth part of the moral grandeur and spiritual power which Jesus elicited from them - chiefly by believing in them". Franken 3) noem die voorbeeld van Judas, Jesus het geweet dat hy geldgierig was; tog het Hy juis aan hom die beurs toevertrou, maar dan by geleentheid in die algemeen gewaarsku teen aardse rykdom. Jesus se <sup>vertroue</sup> ~~geloof~~ in die oorspelige vrou is verbluffend. Van Rhijn 4) is verbaas dat Jesus vir hierdie verharde sondares kon sê: "Gaan heen en sondig nie meer nie". "Jesus moet wel een heel groot vertrouwen in menschen hebben gehad, dat hij zoo iets tot zulk een vrouw durfde te zeggen".

Laasgenoemde twee gevalle illustreer ook Jesus se indirekte metode 5). Jesus druk nie die spieël vlak teen iemand se gesig nie. Hy gee hom ruimte, sodat sy eie gewete hom kan aankla. Daarom het Hy neergebuk en op die grond geskryf, sodat

- 
1. Cf. Franken, J.H.: "Jezus' Onderwijs" in: Paed. Tijdschr. v.h. Chr. Onderwijs, Juni 1923, p.37.
  2. Glover, T.R.: The Conflict of Religious ..., p.130.
  3. Franken, J.H.: Jezus' Onderwijs, p.38.
  4. van Rhijn, M.: Een Blick in het Onderwijs van Jezus, p.62.
  5. Cf. van Rhijn, M.: ibid., pp.67-75.

b. Sien Aantekeninge, p. 397 A.

die beskuldigers van die vrou geleentheid kon hê om hul eie harte te ondersoek. En toe hy opkyk was hulle weg. Of hy vestig die aandag opsetlik op 'n derde persoon, sodat die skuldige nie die indruk kry dat hy onder die soeklig staan nie. Want dis 'n karaktertrek van ons mense, sê van Rhijn dat ons gewete meestal baie duideliker spreek wanneer dit om 'n derde gaan, as wanneer dit onself betref. Vandaar dat Jesus in gelykenisse spreek. Toe die wetsgeleerde Hom vra wie dan sy naaste is, vertel Jesus die verhaal van die barmhartige Samaritaan, en laat hom aan die end self die toepassing maak. Daar is geen sweem van 'n sedepreek nie. Alleen die volmaakte Mensekenner kon so'n voorbeeld van tug stel, waarin die ewewig tussen gesag van die opvoeder en vryheid van die opvoedeling volkome is.

Verdere tugmetodes waardeur Jesus sy opvoedeling opwaarts gelei het, was oefening: hy het hul eie oordeel en verantwoordelijkheid gesterk deur hulle self die toepassing van sy gelykenisse te laat maak; self vrae te laat beantwoord, soos „Wie dink jy was die naaste van hom wat onder die rowers verval het?"; self te laat besluit <sup>c)</sup> of Jesus die Saligmaker is; en deur hulle self uit te stuur om ander te leer. Bowendien het Jesus steeds die volmaakte voorbeeld gestel, in liefde en strengheid, nederigheid, blymoedigheid - in die lewe en in die dood. Deur vergiffenis <sup>d)</sup> het Hy Petrus se lewenslange toewyding ná die verloëning gewen. En boweal was die geheim van Sy krag die gebed 1) vir diegene wat Hy besig was om op te voed.

(d) Samenvatting.

In die opvoeding van Jesus is daar die volmaakte ewewig tussen gesag en vryheid.

---

1. Vgl. Johannes 17.

C. } Sien Aantekeninge, p. 397 A.  
d. } 16.



Gesag en Vryheid is tegelyk doelstellings en middele. Onderwerping aan die absolute gesag van God is die hoogste lewensdoel van die mens. Maar die vryheid waarmee Christus die mens vrymaak is ook die hoogste lewensdoel. Volmaakte vryheid vind die mens juis in volkome oorgawe aan God, in onderwerping aan Sy gesag. In die éénwoording met God is vryheid en gesag as doelstellings dus volmaak saamgesnoer.

Hierdie vryheid in Christus, hierdie volkome oorgawe aan God is 'n genadegawe. Tog word die mens dit nie eensklaps deelagtig nie, maar geleidelik, deur gewenning en gehoorsaamheid aan gesag, so ver as moontlik gehoorsaamheid-in-vryheid. So is dan beide vryheid en gehoorsaamheid aan gesag ook middele om die hoogste vryheid, die hoogste gehoorsaamheid te bereik.

Nogtans staan gesag as opvoedingsbeginsel bokant vryheid verhewe, omdat die vryheid wat beoog word steeds die vryheid van die mens is, in onderwerping aan die gesag van God.

Jesus, die Volmaakte Opvoeder, is met gesag beklee. Uit Sy persoonlikheid, Sy metode, Sy tugmiddele tree gesag onmiskenbaar aan die lig as die hoogste opvoedingsbeginsel. Tog maak Hy spaarsaam van Sy gesag gebruik. Hy dwing dit op niemand af nie. Intendeel, Hy betoon die volste moontlike eerbied vir die vryheid van die menslike persoonlikheid. As doel is vryheid ondergenkik aan gesag; as middel eweëns, maar die gesag gee aan die vryheid die maksimum ruimte.

#### 4. GESAG EN VRYHEID BY PAULUS AS TIPE VAN DIE APOSTOLIESE OPTREDE.

##### (a) In sy leer.

Die oplettende leser van Paulus se briewe word getref deur die herhaaldelike voorkoms van die woorde „vry“, „vrygemaak“ en „vryheid“ eensyds, en „gehoorsaam“, „ongehoorsaam“

en „onderworpe" andersyds. Wat is die betekenis van hierdie vryheid en die verhouding tussen vryheid en onderworpenheid?

Vryheid word deur God geskenk (Kol.1:13), in Christus (Gal. 5:1), deur die Heilige Gees: „Waar die Gees van die Here is, daar is vryheid (2 Kor.3:17). Hierdie vryheid is eerstens vryheid van die sonde, verlossing deur die soendood van Christus. Die natuurlike mens is 'n kneg van die sonde, maar sodra hy „vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God", sal die sonde nie meer oor hom heers nie (Rom.6:14-22), want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het hom vrygemaak van die wet van die sonde en die dood (Rom.8:2). Vryheid is dus verlossing van eie sondeskuld.

Dit is tweedens ook vryheid van die dwang van die wet. „Die wet was ons tugmeester na Christus toe..., maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie". (Gal.3:24,25). „Christus het gekom om die wat onder die wet was, los te koop" (Gal.4:5). Daarom vermaan Paulus: „Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie" (Gal. 5:1).

Derdens is hierdie vryheid die vryheid van die heidense slawerny van onthouding en vrees vir die dood en duiwels. Paulus waarsku teen die „loringe van duiwels...., wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges" (1 Tim.4:2), en teen die „gebooië van mense...naamlik raak nie, smaak nie, roer nie aan nie" (Kol.2:21). Christus het almal bevry „wat hulle lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was" (Hebr.2:15). „Julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar...die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!" (Rom.8:15). Die Christen kan dus triomfantelik uitroep: „Dood, waar is jou angest? Doderyk, waar is jou oorwinning?" (1 Kor.15:55). Paulus gee die

versekering: „Alle dinge is rein vir die reines" (Tit.1:15); „die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan" (1 Kor.10:26), en „vir ons is daar maar een God, die Vader uit wie alles is,... en een Here Jesus Christus" (1 Kor. 8:6). Vir die heidense wêreld, wat gebuk gegaan het onder die dwingelandy van demone en die vrees dat deur van die vleis van afgodsoffers te eet hulle onder die invloed van die duiwels sou kom, moet dit voorwaar 'n onuitspreeklike verligting gewees het. Tatianus het die Christelike leer aangegryp omdat dit „die mens van tien duisend tiranne bevry" 1). Glover gee ons 'n kykie in die betekenis wat hierdie aspek van die Christelike vryheid vir die mensdom van negentien eeue gelede gehad het, wanneer hy sê: „To be rid of the whole daemon-world, to have left the daemons behind and their „hatred of men", their astrology, their immorality and cruelty, their sacrifices, and the terror of "possession" and theolepsy and enchantment, was happiness in itself" 2).

Hierdie verandering van die gelowige teenoor die wet, die lewe en die dood bring verandering in sy verhouding teenoor alle ander dinge mee 3). Hy staan vry teenoor alle skepsels. Niks kan hom van die liefde van Christus skei nie. Geen verdrukking is te swaar nie; hy verlustig hom blymoedig in die „alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid" (2 Kor. 4:16) wat dit vir hom uitwerk, „want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing" (2 Tim.1:7). Daarom kasty Paulus sy liggaam om die vlees diensbaar te maak aan die gees (1 Kor.9:27; Rom.7:23) in sy strewe na selfbeheersing. Sir W.M.Ramsay 4) verstout hom selfs om te beweer dat, hoewel Paulus in die eerste instansie

- 
1. Tatianus, 29. Aangehaal deur Glover: The Conflict of Religions in the early Roman Empire, p.146.
  2. Glover: ibid., p.147.
  3. Tazelaar, Ds. J.P.: „Vryheid" in : Chr. Encycl.V, p.663.
  4. Ramsay, W.M.: The Cities of St.Paul, p.38.

vryheid van Joodse ritueel bedoel het, hy tog bewustelik die wyer begrip van vryheid oor die algemeen in politieke, sosiale en filosofiese verhoudinge in gedagte gehad het.

Die vryheid wat Paulus beklemtoon, is dus die vryheid van sondeskuld, vryheid van die dwang van die wet, vryheid van heidense bygeloof en vrees, vryheid in selfbeheersing; en daarvandaan loop die lyn vanself deur na algemene vryheid in alle menslike verhoudinge.

Vryheid vernietig egter nie die wet nie. Inteendeel, dit bevestig die wet (Rom.3:31). Gehoorsaamheid aan gesag word nog geëis: "Hy het vir almal wat Hom gehoorsaam is 'n Bewerker van ewige verlossing geword" (Hebr.5:9). Maar dié wet is 'n nuwe verbond, wat in 'n nuwe gesindheid vervul moet word. Dié wet staan in die hart geskrywe (Hebr.8:10); gehoorsaamheid daaraan is dus vrywillige onderwerping. Die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof (1 Tim.1:5). "Ons dien in die nuwigheid van die gees en nie in die oudheid van die letter nie (Rom.7:6). Die nuwe wet waaraan die Christen hom vrywillig onderwerp is die wet van kindskap, liefde, geloof en vrywilligheid —"die volmaakte wet van die vryheid" soos Jakobus dit, geheel in die gees van Paulus, uitdruk (Jak.1:25). In onderworpenheid aan hierdie wet van God, deur Christus ingestel, vind die Christen sy hoogste vryheid.

(b) In Sy Praktyk.

Dit is dus nie te verwonder dat in die praktiese opvoeding wat Paulus gee en bepleit, vryheid en onderwerping aan gesag steeds onafskeidelik aan mekaar verbind is nie.

Herhaaldelik maan Paulus elke mens tot onderwerping aan die owerhede, omdat alle gesag uit God is (Rom.13:1), maar ook terwille van die gewete (Rom.13:5); kinders tot gehoorsaamheid aan hul ouers, terwille van Gods belofte (Ef.6:3); vroue tot onderdanigheid aan hul mans, soos aan die Here (Ef.5:22); slawe tot gehoorsaamheid aan hul here, soos dit

diensknegte van Christus wat die wil van God van harte doen, betaam (Ef.6:6). Dit is duidelik dat „St. Paul regards subjection to authority - an element in self-mastery not easily won - as a universal necessity" 1). Maar dit is ook ewe duidelik dat nooit van die mens verwag word om slaafs onder dwang te buk nie; die onderwerping aan gesag gaan steeds met 'n vryheidselement gepaard.

Ook die gesagsdraer moet die vryheid van die onderdaan } eerbiedig. Here moet geen dreigemente teenoor hul slawe besig nie (Ef.6:9). Vaders moet hul kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou (1 Tim.3:4), en hulle nie ver-toorn of terg sodat hulle moedeloos word nie (Ef. 6:4; Kol.3:21). En Paulus preek nie slegs vir ander, terwyl hy self „verwerp-lik" blyk te wees nie. Hy stel self die voorbeeld.

In sy optrede teenoor die gemeentes openbaar Paulus hom as 'n opvoeder wat steeds die ewewig tussen gesag en vryheid handhaaf. Hy is onverbiddelik streng in bestraffing van die sonde (1 Kor.5), en beskaming van die sondaar (1 Kor.15:34). Tog is hy liefdevol soos 'n vader, teer soos 'n moeder (1 Thess. 2:7, 11). Hy beoog met sy tugtiging niks anders as berou tot bekering (2 Kor.7:8-10) en die vredevolle vrug van geregtigheid (Hebr.12:11) nie. As iemand oortree het en berou voel, moet hy broederlik reggehelp (Gal.6:1) en vergewe (2 Kor.2:7) word. Paulus waarsku by voorbaat in sy briewe, sodat hy nie wanneer hy teenwoordig is, sal nodig hê om strengheid te gebruik nie (2 Kor.13:2, 10). Hy wil niemand tot goeie daade dwing nie, maar moedig tot die doen van die goeie uit 'n gees van blymoedigheid (2 Kor.9:7) en vrywilligheid (Filemon:14) aan. En wanneer die goeie gedoen is, weerhou hy die beloning nie, want „die arbeider is sy loon werd" (1 Tim.5:17). Feitlik:

---

1. Hodgson, G.: Primitive Christian Education, p.30.

elke brief begin hy deur sy vertrouwe in hulle en sy dankbaarheid teenoor hulle uit te spreek. In alles stel hy dan ook self die voorbeeld (2 Kor.6:4-10) en bid dat sy gemeentelede so mag word soos hy is „buiten hierdie boeie" (Hand.26:29). Ernstige voorbidding. (Ef.3:14-21) en nimmer-moeë ywer is twee arsenale van sy krag. Hy pas sy optrede by die bevatlikheid van sy opvoedeling aan: die „kinders" voed hy met „melk", die „volwassenes" met „vaste spyse" (Hebr.5:13,14); en by hul individualiteit: „Ek het vir die Jode soos 'n Jood geword om die Jode te win; ....vir die swakkes het ek soos 'n swakke geword...." (1 Kor.9:20-22). Op die Atheense mark het hy in Sokratiese styl gepraat „met die wat hom teëkom"; toe die wysgere opdaag het hy 'n redevoering in die styl van die retorikus gelower 1).

Sir.W.M.Ramsay wys daarop dat Paulus 'n besondere rede moes gehad het waarom hy juis in die brief aan die Galate die vryheidsgedagte so sterk beklemtoon het. Inderdaad was die stede van Suid-Galasië meer onder Asiatische invloed en minder bekend met die Griekse vryheid, wat Paulus graag by hulle wou aanmoedig. In die geval van Rome en die Griekse stede, „where liberty had been only too apt to degenerate into licence, it was more needful to insist on the importance of order, self-restraint, contentment, abnegation, than of freedom" 2). So het Paulus die besondere behoeftes van elke gemeente geken en sy prediking volmaak daarby aangepas.

Maar al sou hy dit alles gedoen het, „en die liefde nie gehad het nie", sou dit hom niks gebaat het nie. In sy wonder-skone himne, 1 Kor.13, het hy ons 'n onoortreflike opvoedingsbeginsel gegee: die Liefde.

Saamvattend kan ons die opvoeding van Paulus in hierdie

---

1. Ramsay, W.M.: St.Paul the Traveller and the Roman citizen, pp.238-9.  
2. Ramsay, W.M.: „The Cities of St.Paul", p.37.

woorde tipeer: uitoefening van gesag in 'n gees van liefde; onderwerping aan gesag in 'n gees van vryheid.

## 5. GESAG EN VRYHEID BY DIE KERKVADERS.

### (a) Clemens van Alexandrië (150 - 215).

Clemens van Alexandrië suggereer dat vryheid vir die mens in gemeenskap met God lê. Om gemeenskap met God te hê, sê hy 1), lê in die natuur van die mens. Dit is die wesentlike kenmerk wat hom van ander skepsels onderskei. Netsoos ons die os nie dwing om te gaan jag nie, maar elke diër gebruik vir die taak waarvoor hy van nature aangelê is, so is dit ook geen dwang as ons die mens tot kennis van God en tot 'n godvrugtige lewe uitnoodi nie. Opvoeding is dan ook eerder 'n inwendige as 'n uitwendige proses. Die Skrif laat die lewende vonk van die siel ontvlam, hoofsaaklik deur op te wek wat in die siel is 2). Geloof is geen dwang nie, maar 'n vrywillige aanvaarding 3). Naas gesag word hier 'n merkwaardige plek aan vryheid toegeken.

Die tug berus in die eerste plek op gesag 4). Die ideale Opvoeder, Christus, pas strengte bestraffing toe om die irrasionele begeertes van die mens te beteuel; en dit is goed en heilsaam, want dis bevorderlik vir bekering en voorkoming van sondes. Soos die snoeimes die boom, so dwing straf die kragte van die siel om vrug te dra. Dwang en vrees doen die mens dus goed.

Gesag is egter geen miskenning van vryheid nie. Eerstens eis Clemens dat tug moet lei tot selftug 5), want onderwerping aan die hartstogte is die **ergste** slawerny, selfbedwang die enigste vryheid 6). Daarom eis Clemens eenvoud en matigheid in die lewe

---

1. Exhortation to the Heathen X. „Ante-Nicene Christian Library“ vol.IV. p.92.

2. Stromata I.1. A.N.C.L. IV, p.355.

3. Strom. II.2. A.N.C.L. XI, p.5.

4. Cf. Paedagogus I.8,9,10,13. A.N.C.L. IV.pp.158,164,168,174.

5. Cf. ibid. p.169.

6. Strom.II. 23. p.82.

van die Christen temidde van die ongelooflike losbandigheid van die heidense wêreld. Tweedens moet die motief vir straf nooit haat of wraak wees nie, maar uitermate groot liefde, en die doel: die ewige redding van die bestrafte. Bestraffing en vermaning is soos medisyne vir die siel: baie hartstogte word deur straf genees 1). Terwille van liggaamlike gesondheid onderwerp ons ons aan operasies en medisyne en noem die geneeshoer 'n redder, selfs al moet hy ledemate afsit; sal ons dan nie terwille van die siel ons aan straf onderwerp, as ons daardeur die geregtigheid deklagtig kan word nie 2)? Dordens, moet selfs die inboeseming van vrees 3) met liefde gepaard gaan, want hy wat deur die liefdevolle vrees van die geregtigheid vermaan, word goëerbiedig. Daar is 'n vrees wat met eerbied gepaard gaan, maar ook 'n vrees wat met haat verbind is, Godsvrug moet „vrywillig en spontaan" wees, nie gedwonge nie. En vierdens pas die ideale opvoeder sy behandeling by die aard van die individu en die erns van die oortreding aan. „Sommige is moeilik om te genees, en word, soos yster, tot die regte fatsoen gesmee met vuur, en hamer, en aambeeld, dit is, met dreiging, en bestraffing en kastyding; terwyl ander, wat aan die geloof vashou, asof hulle.... uit die vrye wil handel, deur lof groei" 4). Ook in die tugmetode word ons getref deur sulke uitgesproke vryheidsbeginsels, naas strenge handhawing van gesag 5).

(b) Origenes (c.185 - 254).

Origenes het duidelik besef dat 'n mens nie sedelik gemaak word bloot deur kennis van die deugde aan hom mee te deel nie, maar veral deur die eie voorbeeld van die opvoeder 6) en bewaer.

- 
1. Paed. I.8.p.157.
  2. Strom. I.27.p.464.
  3. Paed.I.9.p.171-2.
  4. Paed.I.10.p. 177. Cf.I.9. p.164-9.
  5. Clemens se standpunt t.o.v. die heidense leerstof word saam met die van Augustinus en Origenes op p.32 vv. genoem.
  6. The Panegyric on Origen IX, Ante-Nicene Chr. Lib XX. p.63.



deur die liefde vir die deug in die opvoeding in te plant, sodat hy dit met toegewyde ywer najaag 1). So word die motief 'n innerlike: die tug word selftug.

Met hierdie metode het Origenes groot sukses behaal omdat dit op die ideale verhouding tussen opvoeder en opvoeding gebaseer was. Daarvan getuig die lofrede van sy leerling, Gregorius Thaumaturgus: „Die Lofrede op Origenes“, wat volgens McCallister 2) een van die duidelikste uiteensettings van vryheid in die geskiedenis van onderwys bevat. Deur 'n seldsame verbinding van minzaamheid, oortuigingskrag en 'n onweerstaanbare persoonlikheid het Origenes sy leerlinge aan hom verbind met 'n gehegtheid soos die liefde wat die siel van Jonathan met die van David verenig het 3). Hulle het hulle as die mindere~~s~~ volkome aan hom as die meerdere onderwerp. Nogtans was daar geen sprake van dwang wat op hulle uitgeoefen word nie. Trouens die siel is vry en kan hoegenaamd nie gedwing word nie 4). Intendeel Origenes het die vryheid van die individuen volle goërbiedig. Hy het elke leerling bestudeer, die belowende talente in hom ontwikkel, maar die dorings en distels van sy gees uitgeroei 5). Die opvoedingsproses het dus nie slegs van buite gekom nie, maar ook van binne, netsoos by die enting van 'n boom die twee strome sap inenvloei 6). Hy het sy opvoedlinge geleer om met hul eie verstand dinge te ondersoek en so 'n selfstandige oordeel en 'n kritiese vermoë op te bou 7). Ten sterkste het hy diegene veroordeel wat in blinde vooroordeel krampagtig aan hul eie gedagtestelsel as die waarheid bly vaskleef. Daarom het hy besluit dat sy leerlinge al die Griekse

---

1. Panegyric XII, p.67.

2. McCallister: The Growth of Freedom in Education, p.91.

3. Panegyric VI, p.53-5.

4. Panegyric VI, p.55.

5. Panegyric VII, p.57.

6. *ibid.* p.56.

7. *ibid.* p.58-9.

filosofiese skole moes bestudeer 1), behalwe die van die ateiïste 2). Alles wat waar en nuttig was in die verskillende filosowe het hy uitgekies en aan hulle voorgehou; alles wat onwaar was het hy verwerp 3).

Die liefde as grondslag vir die verhouding tussen opvoeder en opvoedeling, die klem op selftug, die bestudering van die leerling se potensialiteite, die vrye ondersoek en die opbou van 'n selfstandige oordeel is almal sterk vryheidselemente in Origenes se opvoeding. Maar daarnaas handhaaf hy tog die gesag van die opvoeder as die meerdere, die persoon wat die boom ent, die distels uitroei, en die onware en ateiïstiese elemente uit die leerstof verwerp.

(c) Aurelius Augustinus (354 - 430).

Dwarsdeur Augustinus se pedagogiese gedagtes gaan gesag en vryheid hand aan hand.

(i) Die Doel.

Die doel van die opvoeding is onderwerping aan God 4). Maar dis selfonderwerping uit liefde 5), en in hierdie onderwerping vind die mens die vryheid van 'n lewe wat die slawerny oorwin het 6).

(ii) Die Opvoedeling.

Augustinus se deurdringende ontleding van sy eie sielelewe openbaar 'n buitengewone insig in die menslike natuur. Hy ken die mens as 'n sondige wese. Selfs die klein kindjie aan die moederbors toon reeds afguns en eiesinnigheid 7). Vroeg in die kinderlewe moet die stryd teen die hartstogte onderneem word en die aangebore jeugdwaasheid en slegte begeertes

---

1. Panegyric XIV, p.73.

2. Panegyric XIII, p.69.

3. Panegyric XIV, p.73.

4. De civ. Dei XIX. 27. Ed. Dods, vol.II, pp.342-3.

5. Cf. De mor. eccl. cath. XV n.25, aanghaal by Robbers, H.: De H. Augustinus als Paedagoog, p.48.

6. De civ. Dei XIX.27, p.343.

7. Confessiones I.7. Vert. Sizoo, pp.28-9.

met gesag, straf en selfs dwang betoel word 1). Tog erken ook McCallister 2) dat selfs die leer van die erfsonde Augustinus nie tot 'n teorie van onderdrukking lei nie. Intendeel, hy wil aan elke kind individuele behandeling volgens sy aard en ouderdom gee, ten opsigte van sowel die doel as die metode van die opvoeding 3). Bestryding van die sondige natuur van die opvoedeling sluit dus die erkenning van sy individualiteit nie uit nie.

(iii) Die Opvoeder en Sy Metode.

Hoewel die opvoeder met gesag bekleed is 4), moet die liefde tot God die alles-deurdringende beginsel van sy opvoeding, en blye opgewektheid die oorheersende karaktertrek in sy persoonlikheid wees 5), „want God het 'n blymoedige gewer lief“. Deur hierdie „hilaritas“ moet hy alle vorme van lusteloosheid in sy onderwys bestry. Hy moet blymoedig tot die peil van die kinderverstand afdaal, soos Christus ook „vir die swakkes soos 'n swakke geword het om die swakkes te win“. Selfs die afgesaagde leerstof sal vir hom nuut word as hy met die liefde van 'n broer, 'n vader en 'n moeder in die hart van sy opvoedeling gaan inwoon, „één in hart en sin“ met hom word. Indien die leerling se gebrek aan belangstelling egter aan agterlikheid te wyte is, dan moet die opvoeder „meer vir hom met God praat, as met hom oor God“. As die klas vermoed is kan hul selfs met 'n gepaste grappie opgebeur word, of toegelaat word om te sit 6). In so'n verhewe opvatting van die verhouding tussen opvoeder en opvoedeling word die „juiste mate van strengheid“ 7) met 'n merkwaardige mate van vryheid gepaar.

---

1. De Civ. Dei XXII. 22, pp.518-9.

2. McCallister: The Growth of Freedom in Educ. p.92.

3. Cf. De cat. rud. n. 12, 13. Ed. Dods, vol.IX, pp. 281-5.

4. De civ. Dei, XIX.16, p.326.

5. De cat. rud., n.4, 6, pp.269-70.

6. ibid., n. 14-19, pp. 285-295.

7. Conf. I.3, p.50.

Die hoë eise wat Augustinus aan die voordrag van die onderwyser stel, is voldoende waarborg dat die mededelende onderwysmetode, verreweg die gebruiklikste in sy tyd, nie tot 'n sieldodende dwangmetode sal ontaard nie. Die verdedigers van die waarheid mag by die propagandiste van die leuen niks agterstaan in welsprekendheid nie. Die voordrag moet pakkend, duidelik en oortuigend wees, en mag die hoorders nie verveel nie 1). In sy „Onderwysing van die Onwetendes" 2) stel Augustinus, naas die opgewektheid, nog drie ander didaktiese eise: non multa, sed multum; doelgerigtheid, en individuele behandeling. Die onderwyser moet hom tot die hoofsaak beperk, dws. tot dié dinge wat die kind die interessantste vind omdat dit sy verwondering wek. Net soos die goue setsel van 'n sieraad slegs as 'n agtergrond vir die juweleprag dien, so moet die voordrag steeds deur die één doel van die opvoeding, nl. om liefde tot God op te wek, beheers word. En ten slotte moet die onderrig gewysig word na gelang van die ontwikkelingspeil en sosiale agtergrond van die toehoorders en die grootte van die klas. „Hoewel die opvoeder aan almal dieselfde liefde verskuldig is, moet hy tog nie by almal dieselfde geneesmiddel aanwend nie; ... vir sommige is (die liefde) sag, vir ander streng, ... vir almal 'n moeder". As voordrag en voordracer aan bogenoemde vereistes voldoen, dan is die aanhoor vir die luisteraar geen gedwonge, passiewe onderwerping aan die gesag van die spreker nie, maar vrye, aktiewe deelname.

Selfaktiwiteit van die leerling word dan ook op talryke plekke deur Augustinus bepleit. In die eerste instansie leer 'n kind makliker deur „vrye weetgierigheid" as deur „vrees-aanjaende dwang"; daarom was Latynse letterkunde Augustinus se lieflingsvak, terwyl hy Grieks gehaat het. Tweedens leer

- 
1. De doct. christ. IV n.3, 25, 26, 27. Ed. Dods, vol. IX, pp.121, 138-40.
  2. De cat. rud. n. 5-8,10,23., pp.270-9, 300-1.

hy makliker deur spelenderwys na te boots, soos hy bv. sy moedertaal leer 1); derdens deur die praktyk van die daaglikse lewende taal in plaas van deur reëls. 'n Mens leer loop deur te loop, nie deur voorskrifte nie 2); korrek praat deur na die lewende taal rondom jou te luister, en welsprekendheid deur toesprake van goeie redenaars te hoor of te lees en na te volg, nie deur grammatikale of retoriese reëls nie 3). Was hierdie paragraaf goed begryp, sê McCallister, dan sou die geskiedenis van vryheid in die onderwys sedert 400 n.C. heelwat anders gewees het as wat dit was. Was dit vandag volkome begryp, dan sou 'n hervorming in die skole binne één geslag verwesenlik wees 4).

Hierdie erkenning van leerlingaktiviteit mag ons egter nie verlei om Augustinus tot 'n voorstander van die eksperimentele metode uit te roep nie. Vir hom kan die hoogste kennis slegs deur spekulatiewe aanskouing bereik word 5). Ook besef hy dat die keuse van leerstof nie volkome aan die weetgierigheid van die leerling oorgelaat kan word nie. Sekere noodsaaklike vakke moet verpligtend wees. Hoewel hy self die laerskoolvakke, lees, skryf en reken, onder dwang moes leer, was hulle vir hom later van oneindig meer waarde as die „digterlike versinsels" waarop hy versot was 6). Bokant die vryheid van die leerling staan dus altyd die gesag van die opvoeder.

Ons gevolgtrekking uit Augustinus se onderwysmetode is dat, terwyl die opvoeder sy gesag altyd op die agtergrond moet gereed hou, as 'n kontrolemaatregel, sy metode oorwegend in die teken van die vryheidsbeginsel moet staan: erkenning van die individualiteit, belangstelling, aktiwiteit en die gevaar van vermoeienis of verveling van die leerling.

- 
1. Conf. I. 14, p. 37.
  2. De doctr. christ. II. n. 55, pp. 72-3.
  3. ibid. IV. n. 5, p. 123.
  4. McCallister: The Growth of Freedom in Educ. p. 94.
  5. Robbers, H.: De H. Aug. als Paed., p. 119.
  6. Conf. I. 12, 13. pp. 34, 35-7.

(iv) Die Tug.

Terwyl onderwys vir Augustinus die positiewe deel van die opvoeding is, vorm tug die negatiewe deel. Tug bestaan in beteueling of inperking. Vir die tug is vrees nodig by die leerling, vir die onderwys, liefde. Die opvoeder het egter geen ander motief as die liefde alleen nie. Net soos God eers sy wet gegee het en daarna sy genade, so moet die opvoeder eers vrees vir God kweek en dan die liefde tot God 1). Juis in etiese vraagstukke is die verstand ontoereikend en is 'n van Godswêë ingestelde leergesag noodsaaklik 2). Robbers 3) konkludeer dan ook dat Augustinus „directe beïnvloeding in godsdienstige en zedelike vraagstukke" as dringend noodsaaklik beskou. Tug berus dus volgens Augustinus allereers op gesag, selfs op vrees vir gesag.

Dwang en straf is dan ook noodsaaklike middels waardeur die gesag gerugsteun moet word. Waarvoor dien „onderwysers, die lat, die plak, die rottang, die tugtiging wat die Skrif sê die kind moet ontvang" anders as om die „aangebore jeugdwaasheid en slegte begeertes te beteuel?" 4) Augustinus is as kind self met geweld gedwing om sy gehate skoolwerk te doen, en, sê hy, „dit was goed vir my ...: want ek sou nie geleer het as ek nie gedwing was nie" 5). Die opvoeder is moreel verplig om te straf, want hy mag nie, deur te spaar, toelaat dat iemand in 'n groter kwaad verval nie. Die doel van die straf is dat die oortreder hom moet verbeter, of dat altans ander deur die voorbeeld afgeskrik word 6).

Augustinus is egter volkome bewus daarvan dat „nie vrees vir straf nie, maar liefde vir die geregtigheid, die mens goed

- 
1. De mor. eccl. cath. I.n. 56. Aangehaal by Robbers: De H. Aug. als Paed. p.82.
  2. De Trin. XIII.9. Aangehaal by Robbers: ibid., p.83.
  3. Robbers, H.: ibid., p.83.
  4. De civ. Dei. XXII.22, p.518-9.
  5. Conf. I.12, p.34.
  6. De civ. Dei. XIX.16, p.326.

maak. Tog is dit nie sonder nut dat die mens se ongebondenheid deur die vrees vir die wet betoel word nie; daardeur is die onskuld beskut temidde van die boosdoeners, en terwyl die vryheid van die boosdoeners deur die vrees vir straf ingetoom word, word hul wil deur Gods afgebede hulp genees" 1). Die oogmerk van die straf is dus nooit om die oortreder deur dwang sedelik te maak nie; en die motief mag nooit iets anders as die Christelike liefde wees nie. "Slegs hy is in staat om die straf te voltrek, wat die toorn, waarmee die beledigde vervul is, deur die mag van die liefde oorwin het" 2). Daarom noem Augustinus ook in sy latere leeftyd die liefde as die enigste dryfveer in die opvoeding, én by onderwyser én by leerling 3). "Só moet 'n mens ondergeskik wees, dat 'n ander hom skaam om oor jou gestel te wees, só egter owerste wees, dat 'n mens die onderdanigheid tot genot maak" 4). In die liefde as grondslag vir die tug het Augustinus 'n nuwe beginsel van intrinsieke motivering daargestel, oneindig hoër as die eersug en die „ydelle begeerte om uit te blink" 5), wat in die Grieks-Romeinse skole gegeld het. Gesag wat in sy tugcoefening deur liefde aangevuur word, kan nooit die individualiteit van die opvoedeling geweld aandoen deur blinde gehoorsaamheid van hom te eis nie.

Ook uit verskeie ander middele wat Augustinus vir die sedelike opvoeding noem, blyk dat hy naas die gesagsbeginsel ook met die kindernatuur, en die menslike natuur, rekening hou. Eerstens wys hy op die voorbeeld 6) van die opvoeder, wat die leerling moet trek, nie dwing nie; tweedens op die mag van die

- 
1. Ep.153 n.16. Aanghaal by Robbers: De H.Aug. als Paed. p.85.
  2. De germ. Dom. in monte, I n.63. Aanghaal by Robbers: ibid, p.85.
  3. De cat. rud. n.6, p.270.
  4. De ord.II n.25. Aanghaal by Robbers: ibid., p.21.
  5. Conf. I.19, p.43.
  6. De doct. christ.IV n.59-61, p. 167-9.

gewoontevorming. 'n Verkeerde gewoonte kan deur herhaling die gees in slawerny kluister 1); maar die genade, 'n derde middel, skenk die krag om goeie gewoontes te kweek, waardeur die geregtigheid nie/alleen nie lastig is nie, maar ook aangenaam 2), en as't ware 'n tweede natuur word. Alleen deur die genadehulp van God kan ons die goeie leer ken, wil en doen 3). Vierdens is daar die gebed, waardeur die opvoeder die genadegawes van God op sy werk en sy opvoedeling afbid 4). Die feit dat Augustinus aan hierdie middele soveel waarde heg, bewys dat die sedelike opvoeding vir hom nie uitsluitlik op gesag van buite geskied nie, en ook nie uit die hart van die mens alleen ontstaan nie, maar dat die gesag van buite deur 'n proses van innerlike toewinning eers deur die opvoeding aanvaar moet word, voordat daar van morele vorming sprake kan wees. Die tug van buite moet selftug word.

Die ware deug, die continentia, bestaan in onderwerping van alle kragte aan God 5); dus in selfoorwinning, selfbeheer, selftug. Selfonderwerping aan God is vrywillige onderwerping aan die absolute Gesag. Die vrees word deur die liefde oorwin. Ook in Augustinus se tugmetode is daar dus harmonie tussen moet en wil, tussen gesag en vryheid.

In die allesomvattende beginsel van die liefde tot God en die naaste word vryheid en gesag in Augustinus se hele opvoedingsteorie: doel, verhouding van opvoeder tot opvoedeling, inhoud, metode en tug saamgesnoer.

#### (v) Die Leerstof.

Die vraagstuk omtrent die verhouding van die Christen teenoor die klassieke leerstof het vir eeue lank die Kerkvaders

- 
1. Conf.VIII.5, p.185.
  2. De div. quaest. ad Simpl. I q.1.7. Aangehaal by Robbers: De H. Aug., p.91.
  3. De grat. Chi.n.13,14, en: De grat.et lib. arb.n.33. Aangehaal by Robbers: *ibid.*, pp.89-90.
  4. De doct. christ.IV n.32, p.143.
  5. De civ. Dei XIX, 27, pp.342-3.



besig gehou. Die uiterste gesagstandpunt, wat eenvoudig alle geskrifte van die Grieke en die Romeine as heidens verwerp, vind ons in sekere uitsprake van Tertullianus en in die droom van Hieronimus; die uiterste liberale standpunt in die lofgedigte van Bishop Sinesius van Sirene oor die Griekse kultuur in die Kerk. Langsamerhand het die gematigde standpunt veld gewen en, veral deur die optrede van Augustinus, die oorwinning behaal. Clemens van Alexandrië het reeds geoordeel dat Evangelie en heidense wetenskap geen teëstellinge vorm nie, maar mekaar nodig het. Hy huldig enersyds die vryheidsbeginsel dat in alle wetenskap wat ernstig na waarheid soek, daar goddelike waarheid te vinde is, en dat daar vryheid van ondersoek moet wees sodat die waarheid deur vergelyking van verskillende leerstellinge aan die lig kan tree. Andersyds staan hy ewe sterk op die gesagstandpunt dat in Christus die enigste onaanvegbare waarheid te vinde is, en dat die Heilige Skrif die kriterium is waardeur die waarheid van kettery onderskei word 1). Dat sy leerling, Origenes, nog verder gegaan en die volledige wapenrusting van die Griekse filosofie in diens van sy Christelike wetenskap gebruik het, was deels oorsaak daarvan dat hy later as 'n dwaalleraar veroordeel moes word 2). Tog het ook hy nog altyd die Griekse wetenskap aan die gesag van die Skrif onderwerp en die atelstiese geskrifte verwerp. Origenes was dit wat eerste die heidense wetenskappe met die goue en silwer vate van die Egiptenare vergelyk het, wat deur die Israeliete opgeëis en in diens van God gebruik moes word 3).

Augustinus was dit egter wat die hele vraagstuk oorsien het, die beeld van Origenes nader uitgewerk het en daardeur die

- 
1. Cf. Clemens: Stromata I. 1,2,6,7,13,20, pp.359-418.
  2. Waterink: De Gesch. der Paed., p.171.
  3. Origenes: "Brief van Origenes aan Gregorius" in The Writings of Origen, Vol.I, A.N.C.L., vol.X, pp.388-9.

hele Middeleeue beheers het. Net soos die Israeliete by hul uittog uit Egipte die goud en silwer, wat die Egiptenare uit die myne van die Voorsienigheid gesteel en in die diens van duiwels misbruik het, moes opelsvir die diens van die ware God, so moet die Christen ook die waarhede wat naas bygelowige versinsels in die heidense geleerdheid vervat is, vir hom toeëien en dit in diens van die Evangelie aanwend 1).

Ten spyte van felle kritiek veral op die onkuise voorbeelde van egbrekende gode wat die leerlinge soos die „wyn van die dwaling“ deur „dronk leermeesters“ ingedwing is 2), kom Augustinus dus tog tot die slotsom dat, om die Heilige Skrif volkome te verstaan, die kennis van die profane wetenskappe nuttig, selfs gedeeltelik onontbeerlik is.

Die leerstof moet egter aan 'n strenge keuring onderwerp word, en alles wat nie bevorderlik is vir die hoë doel van die opvoeding, naamlik om God deelagtig te word nie, moet geskraap word 3). Die Heilige Skrif moet die middelpunt van alle studie wees 4). Die heidense wetenskap moet gesuiwer word van bygeloofof en van oorbodige uitvindsels van mense; slegs dié wetenskappe wat vir menslike omgang nodig is en dié wat tot 'n beter begrip en uitleg van die Heilige Skrif bydra, moet bestudeer word. Augustinus stel selfs 'n reeks Christelike teksboeke in vooruitsig, bewerkings van die afsonderlike vrye kunste in hul verband met die Skrifverklaring 5).

Dié Kerkvaders staan dus ten opsigte van die leerstof oor die algemeen op uitgesproke gesagstandpunt. Alles wat in stryd is met die gesag van God en Sy Woord moet uit die leerplan van die Christen verban word. Nogtans is hul houding teenoor die profane wetenskappe verbasend toegewend. Die blote feit dat

- 
1. „De doctr. Christ.“ II.n.60, p.76.
  2. „Confess.“ I 16. Vert. Sizoo, p.40.
  3. „De doctr. Christ.“ II.n.58, p.74.
  4. *ibid.*, II.n.12 & 63.
  5. *ibid.*, II.n.29-61, pp.55-77.

Christelike Kerkvaders reeds sedert die tweede eeu kon erken dat die heidense geleerdheid ook goue waarhede bevat, bewys dat hulle reeds 'n oog gehad het vir die vryheid van die wetenskap, hoewel hul dit steeds aan die gesag van Gods Woord onderworpe ghou het.

Nogtans moes juis Augustinus se beeld van die goud van die Egiptenare diens doen om 'n sekere dualisme tussen Christendom en klassisisme te dek. Dis nie altyd duidelik ingesien dat die Christendom die hele menslike lewe moet deursuur en tot die hoër lewensplan van die diens van God moet ophef nie; en andersyds dat alles wat uit die heidense lewensbeskouing groei in wese anti-christelik is nie 1).

(d). Samevatting.

Dit hoef ons nie te verbaas dat die Kerkvaders oor die algemeen aan die gesagsbeginsel in die opvoeding die eerste plek toeken nie. Wat ons wel verras is dat hulle aan die vryheidsbeginsel so 'n ruim plek toeken, hoewel vryheid vir hulle altyd aan die gesag van die Heilige Skrif ondergeskik is. Reeds in die vroegste eeue van die Christendom is die vryheid van die siel as 'n onskendbare beginsel erken. „For the soul is free, and cannot be coerced by any means" 2).

Hoewel vrees vir straf nog sterk beklemtoon word, word liefde tog die hoofbeginsel wat die hele opvoeding deurtrek. Die onderwerping aan God is 'n vrywillige liefdedaad; die verhouding van opvoeder tot opvoedeling is een van liefdevolle inwoning; die metode getuig van blye opgewektheid; die tug word gesteun deur voorbeeld en gebed; die verkeerde hartstogte van die opvoedeling word met gesag betuel, maar tog met erkenning van sy individualiteit. Selfs die leer van die erfsonde lei Augustinus nie tot 'n teorie van onderdrukking nie.

---

1. Waterink: De Gesch. der Paed., pp.176 & 180.

2. Gregorius Thaumaturgus: „Panegyric" VI, A.N.C.L. vol.XX, p.54. Cf. Hodgson: Prim. Christian Educ., p.210-1.

Die leerstof omvat al die bekende wetenskappe, selfs die heidense geleerdheid, maar getoets aan, en geskaar rondom, die Heilige Skrif.

Die optrede van die Vroeë Christene getuig van 'n dappere erkenning van vryheid, onder die beheer van strenge gesag. Aan hierdie verbinding van vryheid met gesag moet hul sukses toegeskrywe word. Oordrewe beklemtoning van gesag sou tot vervreemding en isolasie lei; oordrewe vryheid tot verwatering en selfvernietiging.

## 6. VRYHEID EN GESAG IN DIE PRAKTYK VAN DIE VROEË CHRISTELIKE ONDERWYS.

Oor die onderwyspraktyk gedurende die vroeë Christelike periode is ons gegewens uiters gering.

Aanvanklik was daar nog geen eie Christelike skoolwese nie. Die Kerk het die onderwys van die kinders aan die ouerhuis en die prediking oorgelaat. In die katekumense skole is voornemende dopelinge deur stilswye, vas, nagwake, kniel en bid, verder deur siekebesoek en ander werke van barmhartigheid prakties in die onderhou van die Wet geoefen, en ernstige foute is streng gestraf 1). Die Katekumene was egter meestal volwassenes wat hulle vrywillig aan die gesag onderwerp het. Nog meer geld dit van die Kategetiese skole. Vir die sekulêre onderwys van hul kinders was Christenouers op die heidense skole aangewys. Wat die gesin opgebou het, het die skool weer afgebreek. Kinders is heen en weer geskommel tussen heidense en Bybelse ideë, met die gevolg dat onrus en onvastigheid die kindersiel gekwel het. Eers die kloosterwese het die grondslag vir 'n eie Christelike opvoedingspraktyk gelê en „einschte weer den geheelē mensch en heel zijn gezindheid op voor het Christendom" 2).

---

1. Rombouts: Hist. Pedagogiek, Dl. I, p. 64.  
2. Waterink: De Gesch. der Paed. p. 184.

Van die begin af is daar in die kloosterreëls besondere voorsiening gemaak vir die kinders in die klooster. Reeds in die vierde eeu vind ons die reël van Pachomius „full of provisions for the proper care of these young disciples. The monks are warned not to scandalise them.....: they are to have the recreation and food proper to their age, but the monks are not to sport or laugh with them; and if any boy be too much given to play and idleness, he is to receive sharp correction..... The terms on which the Fathers lived with their little disciples exhibit that character of paternal tenderness which was one of the distinctive features of the early **Christian** schools, offering a striking contrast to the state of things existing in the pagan academies. There is, indeed, frequent mention of the rod, but strict discipline was never held incompatible with affectionate familiarity" 1).

Helaas was hierdie vaderlike teerheid nie so algemeen soos ons dit graag saam met Drane sou wil aanneem nie. Oor die algemeen staan die tugpraktyk van die vroeë Christendom nog sterk onder heidense invloed. Haarhoff sê: „On the whole, the pagan tradition of discipline was not mellowed by Christianity. It was rather reinforced by the ascetic spirit of the monasteries and intensified by the added religious motive of mortification". Tug was sinoniem met straf; straf was die sine qua non vir vordering op skool; en vrees is as die panasee vir alle ewels beskou. „The militarism of the Roman Empire lingers on in seemingly uncongenial surroundings" 2). Ook Waterink wys daarop dat die Kerk aanvanklik te sinkretisties opgetree het, eenvoudig allerlei heidense gebruike, soos die strenge tug, laat voortwoeker het, en die verbondsideaal van die heiliging van die hele lewe uit die oog verloor het 3).

- 
1. Drane; Christian Schools and Scholars, p.22.
  2. Haarhoff: Schools of Gaul, pp.194-5.
  3. Waterink: De Gësch. der Paed. pp.238-41.

Die hoë ideaal van Christus ook ten opsigte van die verhouding tussen gesag en vryheid in die tug, het nog lank nie in die onderwyspraktyk deurgewerk nie. Selfs die werk van die Kerkvaders het nie die praktyk blywend beïnvloed nie. Augustinus laat by sy dood aan die Christelike opvoedings-teorie 'n waardevolle besit na, maar die skatte wat by hom te vind is word nie deur sy geestelike erfgename uitgebuit nie 1).

---

1. Waterink: De Gesch. der Paed., p. 181.